

30 September

“Ons burgerskap is in die hemele”

Skrifgedeelte: Filippense 3:17-21 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Filippense 3:20

Dit is so goed of ons woning word reeds in die hemel gebou. Ons is tydelik hier op aarde. Hier is ons gebore. Hier groei ons op, kry opleiding, werk ons, lewe ons, verwek ons kinders – maar alles is hier tydelik, ons woning is hier tydelik. Ons woning is maar op sy beste 'n tentwoning. Een jaar, een dag, een uur moet ons die tentwoning verlaat.

Waarheen dan? Hiervandaan weg. Daar is twee wêrelde, dan gaan ons na Christus toe. Paulus sê: “Ek het verlange om heen te gaan, om met Christus te wees, dis verreweg die beste (Fil 1:23).

Dis dan waar ons hoort. Die Here is weg om vir ons die ander wêreld, daar waar die dood nie meer sal wees nie, geen siekte, ellende en moeite meer nie, plek te berei. By die Here is daar troos en alles wat nodig is: gerusstelling, tevredenheid, berusting.

Die Here oefen sy mag en vermoëns in die hemel en op die aarde uit – alle mag in hemel en op aarde. Hoe heerlik verseker Hy ons burgerskap met die woorde: “... sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh 14:3b).

Daarheen is ons dierbares wat gesterf het, reeds. Ons wag nog om te gaan! Nou pas dit tog dat ons anders glo, doen en dink as die wêreldse dinge wat geen burgerskap het nie, behalwe hierdie bose wêreld. Het ons ook verlange om heen te gaan? Ja, verseker!

Sing: Psalm 116:1-3; Skrifberyming 27

Ds. JS du Plooy (Emeritus)